

16 Julie

Jesaja 46, (Teks: 46:3, 4)

God dra my

'n Nuwe dag lê voor. 'n Dag waarin ons kinders skool toe gaan, 'n dag waarin ons werk toe gaan met al die inspanning en stres wat daarmee saamgaan. Hoe gaan ek hierdie dag binne?

In Jesaja 46 leer ons van die ontsettende kontras tussen die lewende God en die afgode. Hierdie kontras blyk uit geen woordjie duideliker as uit die woordjie "dra" nie. Die afgode van die Babiloniërs word op die skouers getel en gedra deur mense en diere. Daarteenoor, die lewende God, God wat sy kinders dra! Wat 'n geweldige troos vir elke kind van die ware God. God dra sy pasgebore kindertjies, sy kleuters, sy tieners, sy kinders wat oud geword het.

God dra my in hierdie dag deur sy Heilige Gees wat in my woon en werk, wat aan my krag, wysheid en moed gee. God dra my deur sy Woord en die heerlike inhoud daarvan wat my anker is. God dra my in alleenheid en eensaamheid deur my te oortuig van sy Vaderlike nabyheid. God dra my in tye van swaarkry en beproewings deur my rus en vrede te gee in sy teenwoordigheid. God dra my deur die oortuiging wat Hy in my hart gee: Ek is sy kind; Hy is lief vir my; Hy is ook my God. Jesus Christus het ook al my sondes gedra en is ook vir gekruisig.

Nou kan ek hierdie dag ingaan, vol vreugde, vol moed, want my Vader is met my! Hy sal my nie verlaat nie. Selfs tot in ewigheid dra Hy my as sy kind.

Sing: Psalm 68:9

Ds. L. du P. van der Vyver (Roodepoort)